

5 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 119:1-24

Fokusgedeelte: Psalm 119:13-16

Wees opgewonde oor God se opdragte – en leef dit uit

In die hele Psalm 119 word jy bewus van die digter se blydskap, geesdrif en entoesiasme oor die Here se opdragte. Dit hom baie opgewonde.

Hoe voel jy vandag oor die Here se opdragte vir jou ? Is jy bly en vol geesdrif daaroor, of voel jy dalk dat dit jou lewe onnodig inperk en jou jou vryheid ontnem? Mag Psalm 119 jou opnuut inspireer om entoesiasies oor die Here se bevele aan jou te wees.

Ons vind die Here se opdragte aan ons in die Bybel. Lees en bestudeer die Bybel gereeld. Dink daaroor na en vul jou hart en gedagtes daarmee. Gaan egter verder as dit: Neem opnuut 'n besluit om jou Bybelkennis in die daaglikse gang van jou lewe uit te leef. Gehoorsaam die Here se opdragte getrou. Laat die woorde van Jesus jou daartoe inspireer: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het" (Joh 4:34).

Jongmense en kinders, wil julle 'n mooi en skoon lewe lei? Voer dan die opdragte van die Here in sy Woord uit. Wanneer ons die bevele van die Here uitvoer, ervaar ons wonderlike gevolge in ons lewe. Ons sien raak dat ons al minder in sonde verstriek raak. Verder ervaar ons 'n diepe vreugde en vrede in ons lewe.

Het jy dalk al gedink dat geld en besittings jou baie gelukkig sal maak? Nee, sê die Here se Woord: wanneer ons met ons harte naby die Here lewe en sy wil doen, ervaar ons groter vreugde as wat al die rykdom van die wêreld ons kan bied.

Sing: Psalm 34:6

Ds L du P van der Vyver (Silverton)

